21 November 2019

WEEKLIKSE

PITKOS

RANDAGRI

PITKOS

INHOUD

Weer

- Lokale weervooruitsigte
- Weervooruitsigte vir die VSA, Brasilië en Argentinië

Pariteite

Invoer en uitvoerpariteite van geelmielies

Internasionale landbou

- VSA aanplantings vordering vir sojabone en mielies
- VSA graankondisies en opkomsverslag

Lokale landbou

- In-en uitvoere van mielies

Wisselkoers

Oorsig oor die beweging tussen die ZAR en VSA dollar

Prys risikobestuur

Langtermyn opsie-strategie

NASIONALE

WEER



Veertien-dae weervooruitsigte: Suid-Afrika

Goeie reënval word vir dié week oor die Noordwes-Provinsie asook oor die ooste van die land voorspel.

Minder reën word egter in die daaropvolgende week verwag.

Tien dae weervooruitsig: Noord-Amerika

Droë toestande kan regoor die mieliegordel verwag word. Die noordelike dele sal hierdie voorspelling egter verwelkom sodat die oestempo kan versnel.



INTERNASIONALE

WEER

Tien dae weervooruitsig: Suid-Amerika

Brasilië kan goeie reënval verwag, wat laat aanplantings van sojabone sal versnel.

Goeie reënval word vir die oostelike dele van Argentinië voorspel, wat aanplantings 'n hupstoot sal gee. Dit sal egter die oes van koring vertraag.



RANDAGRI

NASIONALE

Reënval

Oos-Vrystaat

Dorp	November 2019 Totaal	2019/20 Seisoen Totaal	November 2018/19	November 2017/18
Bethlehem	40	43	27	91
Frankfort	85	82	31	106
Harrismith	50	53	9	84
Heilbron	86	85	47	103
Kroonstad	43	39	20	21
Lindley	18	19	27	16
Marquard	21	21	0	58
Senekal	53	53	25	37
Theunessen	30	30	29	4
Ventersburg	41	39	24	52

Wes-Vrystaat

Dorp	November 2019 Totaal	2019/20 Seisoen totaal	November 2018/19	November 2017/18
Bethlehem	40	43	27	91
Frankfort	85	82	31	106
Harrismith	50	53	9	84
Heilbron	86	85	47	103
Kroonstad	43	39	20	21
Lindley	18	19	27	16
Marquard	21	21	0	58
Senekal	53	53	25	37
Theunessen	30	30	29	4
Ventersburg	41	39	24	52

RANDAGRI

NASIONALE

Reënval

Mpumalanga

Dorp	November 2019 Totaal	2019/20 Seisoen Totaal	November 2018/19	November 2017/18
Amersfoort	33	67	45	102
Balfout	33	39	70	78
Bethal	63	78	65	132
Carolina	7	10	87	109
Delmas	105	135	82	89
Ermelo	93	132	79	130
Greylingstad	80	95	82	120
Hendrina	73	105	88	136
Kriel	71	79	26	244
Leandra	107	123	60	72
Middelburg	56	98	94	71
Morgenzon	98	177	99	134
Standerton	51	100	50	78
Wonderfontein	74	114	109	186

Noordwes

Dorp	November 2019 Totaal	2019/20 Seisoen totaal	November 2018/19	November 2017/18
Bethlehem	40	43	27	91
Frankfort	85	82	31	106
Harrismith	50	53	9	84
Heilbron	86	85	47	103
Kroonstad	43	39	20	21
Lindley	18	19	27	16
Marquard	21	21	0	58
Senekal	53	53	25	37
Theunessen	30	30	29	4
Ventersburg	41	39	24	52

RANDAGRI

INVOER EN UITVOER

PARITEITE



	Des-19	Mar-20	Jul-20	Sep-20
Invoerpariteit PMB	R3 000	R3 102	R3 126	R3 110
Uitvoerpariteit Kaap	R2 655	R2 757	R2 849	R2 812
SAFEX geelmielies	R2 675	R2 676	R2 620	R2 684
Uitvoerpariteit	R2 259	R2 368	R2 305	R2 326

AFRIKA

LANDBOU

FOKUS: ZIMBABWE

Mielies:

- Kommer heers dat Zimbabwe moontlik reeds voor die einde van 2019 uit voorraad sal wees.
- Jaarlikse verbruik is normaal = 1,4 miljoen ton
- Geskatte verbruik vir huidige jaar= 1,6 – 1,8 miljoen ton.
- Na beraming sal meer as 750 000 ton ingevoer word voor die volgende seisoen se oes ingesamel word.

Koring:

- Aanbod meer stabiel weens oesseisoen.
- Nuwe oesskatting 40 000 – 60 000 ton.
- Normale vraag = 300 000 ton
- Geskatte verbruik vir huidige jaar = 240 000 ton.

Sojabone:

- Produksieskatting = 40 000 – 50 000 ton.
- Normale meelverbruik = 160 000 – 170 000 ton.
- Swak ekonomiese toestande sal vraag/verbruik afwaarts aanpas.

NASIONALE

LANDBOU

Witmielies

- Uitvoere= 403 973t
- Invoere = 0t

Geelmieles

- Uitvoere= 194 055t
- Invoere = 347 081t



WISSELKOERS

R/$

DOLLAR - RAND CHART

Die ZAR het vandag swakker verhandel teenoor die Amerikaanse dollar.

Die swakker rand het plaaslike graanpryse ondersteun, maar kon nie die nodige ondersteuningsvlakke volhou nie aangesien die weermark vandag die oorhand gekry het.

NASIONALE EN INTERNASIONALE

NUUS

Droogte in Suider-Arika kan voortduur tot Maart

Grondbewerking en someraanplantings in die ooste van die land het reeds versnel nadat die meeste dele van die streek vroeg in November naby aan normale reënval ontvang het.

Die Famine Early Warning Systems Network (FEWS NET) waarsku nietemin dat Suider-Afrika steeds tot na Maart 2020 verdere droogte kan verwag.

Lees verder by:
https://www.moneyweb.co.za/ne ws-fast-news/southern-africa- drought-to-persist-through-march- report/

SARB sal koers onveranderd laat

Die Suid-Afrikaanse Reserwe Bank (SARB) sal volgens meeste ekonome waarskynlik die repokoers vandag, 21 November, onveranderd op 6.5% laat wanneer die Monetêre Beleidskommitee (MBK) die 2019 seisoen afsluit. In'n Reuters-meningspeiling onder 28 ekonome het 21 aangedui dat hulle verwag die MBK gaan die koers onveranderd laat, terwyl die ander sewe van mening was dat die koers met 25 basispunte gesny gaan word.

Ontleders wat verwag dat die SARB koerse onveranderd sal hou ten spyte van die tam inflasie-omgewing en trae ekonomiese groei, neem die verslegtende fiskale situasie en die toenemende kommer oor die vooruitsigte van 'n Moody-afgradering in ag. Dit kan die waarde van die rand skerp afwaarts laat spiraal.
Lees verder by:
https://www.dailymaverick.co.za/ article/2019-11-19-no-change- sarb-likely-to-hold-rates-say- economists/

VSA-China Handelsoorlog

Die Chinese Vise-Premier, Liu He, het vandeesweek aangedui dat hy "versigtig optimisties" is dat 'n fase-een ooreenkoms met die VSA bereik kan word. Handelskenners en bronne naby aan die Wit Huis is egter van mening dat Beijing nog nie aan verwagtinge voldoen nie en dat die ooreenkoms na volgende jaar kan vertraag word. Indien 'n ooreenkoms wel vroeg in Desember bereik kan word, sal die tariewe op Chinese goedere ter waarde van ongeveer $156 biljoen (insluitend Kersgeskenk-items soos elektroniese goedere en speelgoed) opgehef word.
Intussen het voortslepende handelsoorlog nie net 'n negatiewe impak op China en die VSA nie, maar ook op die wêreldwye ekonomie.

Lees verder by:
https://globalrubbermarkets.com/ 182610/beijing-tariff-demands- may-expand-u-s-china-phase-one- trade-deal-significantly.html

OPSOMMING

- Die Noordwes-Provinsie en die oostelike dele van die land kan hierdie week goeie reënval verwag. Die positiewe voorspellings het plaaslike graanpryse onder hewige druk geplaas.
- Die VSA is tans besig om hulle oesseisoen af te handel. Slegs die noordelike dele van die land nog ver agter.
- Mielie-voorraadvlakke in Zimbabwe sal na verwagting reeds voor die einde van die jaar uitgeput wees.
- Plaaslike graanpryse het nou hoofsaaklik ’n weermark binnegetree.
- Die swakker wisselkoers kon geen ondersteuning aan die witmielieprys bied nie, aangesien die weermark die dag oorheers het.

PRYS

RISIKOBESTUUR



Wat word gedoen:

- Koop “call”-opsie teen R3,100
- Verkoop “put”-opsie teen R2,800
- Verkoop 2 x “call”-opsies op R4,000

Hoekom:

Die strategie kan gevolg word indien die kliënt sy graan wil bemark, maar steeds aan die mark wil deelneem aangesien hy dink daar opwaartse potensiaal is. Normaalweg sal die kliënt 'n 70/30 strategie volg waar hy ’n prys vasmaak en dan in ’n volgende maand ’n verdere posisie aankoop. Die risiko is dat vir elke rand waarmee die mark afwaarts beweeg, die verlies vir die kliënt se rekening is.

Uitkoms:

Indien die mark opwaarts beweeg deel die kliënt in die winste tussen die R3,100 vlak tot en met die R4,000/t vlak.
Indien die mark daal, verloor die kliënt geen geld tot en met die R2,800 vlak nie. Sou die mark onder die R2,800 vlak beweeg, koop die kliënt sy graan terug teen R2,800 en neem ’n lang 'futures‘ posisie. As die mark egter na R2,500 beweeg, verloor die kliënt R300/t en moet hy die R300 inbetaal.

Bulk Grain Trade and Supply

Safeguarding Prosperity in Southern Africa

Servicing the agricultural commodity trade and grain processing communities with pride, since 2002.

Sourced, exported and delivered - directly to you.

A trusted expert on the JSE (Safex), specialising in hedging services.

Proudly delivering quality raw materials to millers and processors.

Wheat

White Maize
Yellow Maize

Sunflower Seeds
Sunflower Oil Cakes
(vegetable protein)

Soya Bean
Soya Bean Oil Cakes
(vegetable protein)

Our grains are promptly delivered to our clients' doorsteps for refining and processing.

Contact us today on +27 (0)13 243 1166 or visit www.randagri.co.za

RANDAGRI

KONTAK ONS

RANDAGRI

Tel: +27 (0) 13 243 1166
E-pos: info@randagri.co.za
Web: www.randagri.co.za
Adres: 24 Samora Machel Straat,
Middelburg, Mpumalanga